

Midsomernag- droom

**SHAKESPEARE
IN
AFRIKAANS**

Bernard Miles

Lank, lank gelede het daar in 'n klein dorpie in die hartjie van Warwickshire twee goeie vriende gewoon. Hulle was Peter Quince, 'n skrynwerker, en Nicholas Bottom, 'n wewer. Peter was die beste skrynwerker in die hele land en sy werk was wyd en syd bekend. Hy kon veral mooi huise bou met 'n raamwerk van eikehout wat volgens die gebruik van daardie tyd kunstig met pleister en messelwerk opgevul en te pragtig met patrone versier is. Peter moes sy gereedskap altyd vlymskerp hou want dit was nie maklik om met die harde eikehout te werk nie, en veral die laste in die raamwerk moes met groot sorg gemaak word. Maar Peter kon enige soort houtwerk doen, en hy het die laste so mooi gemaak dat dit gelyk het asof die hout sommer van die begin af so aanmekaar gegroei het.

Waar Peter 'n baie goeie skrynwerker was, was Bottom, op sy beurt, weer 'n uitstekende wewer. In daardie dae is alle kledingstof by die huis geweef en nie in groot fabriekes soos vandag gedoen word nie. En die dorp se wewer was net so 'n belangrike man soos die dorp se skrynwerker. Peter en Bottom was dus twee vername manne in die dorp na wie almal opgesien het. Bottom was lank en sterk met rooi hare, 'n groot plat neus en 'n harde stem. Maar sy hande was soos dié van 'n vrou en sy vingers klein en kundig, en dit was 'n genot om te sien hoe hy die weefdraad voer en die rolle kledingstof opvou wat van die weefstoel afkom. Hy kon enige kledingstof weef wat die mense gevra het – karsaai of tafsy of damas of flanel of serge of velour. Dit wys jou net watter goeie wewer Nicholas Bottom was.

Op skool kon Peter baie goed lees. So goed dat as hy in een van die groot huise in die buurt moes gaan houtwerk doen, hy die huisbaas gevra het of hy in die etenstyd van

die mooi boeke van die rak kan afhaal om te lees terwyl hy sy kaas en brood sit en eet. Nou moet julle onthou dat in die ou dae boeke natuurlik baie skaars en duur was, en onder die gewone mense in die dorp was daar seker nie meer as 'n halfdosyn boeke nie. En hierdie boeke was almal Bybels, of gebedeboeke, of boeke oor grammatika of wiskunde. En dit wou Peter nie juis lees nie; hy wou stories lees oor avonture, veral oor die helde van die ou tyd van duisende jare gelede.

Peter was so vriendelik en so 'n goeie skrynwerker en sy hande was altyd so mooi skoon dat die huisbaas glad nie omgee het dat hy 'n boek leen om te lees nie. Dan het Peter 'n volle uur lank gelees van die ontdekkingsreise van die groot seevaarders, van die Romeinse edelmannes en van die legendes van die groot gode en die helde wat sulke wonderlike dinge in die ou tyd gedoen het, baie wonderliker dinge as wat ooit in Warwickshire gebeur het; van mense van vervloë dae wat hulself in diere kon verander en teen afgryslike monsters baklei het en berge op hulle skouers rondgedra of sommer met ander mans se vrouens gelol het. Dit wou Peter darem nie doen want hy was glad te lief vir sy eie vrou. Nietemin, hy het daarvan gehou om te lees wat die helde en gode en godinne van die ou tyd in hulle vrye tyd gedoen het, en hy was soms so verdiep in wat hy gelees het dat hy skoon vergeet het om sy brood en kaas te eet! En wanneer hy saans tuis kom, het hy natuurlik die stories oorvertel aan sy goeie vriend Bottom, en Bottom het net so baie van die stories gehou.

Dit was nie lank nie of die ander mense in die dorp het gehoor dat Peter hierdie wonderlike stories lees en vir sy vriend Bottom daarvan vertel as hulle saans tussen die gereedskap en saagsels in Peter se werkswinkel sit, en gou

het die dorpmense gevra of hulle ook na die stories kan kom luister.

Snug was die eerste een wat gekom het. Hy was ook 'n soort skrynwerker maar sy werk was baie fyner as Peter s'n. Snug het tafels en stoele gemaak, en spiraal-trappe en pragtige panele waarmee die rykes hul huise versier het. Hiervoor het Snug spesiale gereedskap soos skawe en beitels gebruik en die hout net soos gevoude kleding laat lyk, kompleet soos dié wat Bottom geweef het.

Snug het een aand aan die deur van die werkswinkel kom klop. Peter het hom genooi om op die saagbank te kom sit, en toe sy vrou, Betsie, die bier bring, het hy vir haar gevra om nog 'n beker te gaan haal sodat hy vir Snug ook 'n bietjie bier kon skink. En oplaas moes Betsie ses bekere en 'n groot fles bier gaan haal want nie minder nie as nog drie ander mense het kom vra of hulle na die stories kan luister wat Peter vertel.

Een van hulle was Flute. Flute het blaasbalke reggemaak. In hierdie tyd van lank gelede waarvan ek julle nou vertel, het die mense die vuur in die huis die hele nag laat smeul en dit soggens weer laat opvlam met 'n blaasbalk wat aan 'n spyker langs die vuurherd gehang het.

Nog een wat kom vra het of hy na Peter se stories kan kom luister, was Snout, die blikslaer. Snout het potte en panne en ketels gemaak van koper en metaal wat hy met sy gereedskap in allerhande vorms gebuig het. Sy ketels was in die hele dorp beroemd, en ook ver daarbuite. As jy een van die Snout se ketels gehad het, was jy regtig 'n vername man. Die mense het altyd gesê: "Ek sien jy het een van Snout se ketels", en dan kon jy antwoord: "Ja, hy het dit spesiaal vir my gemaak." Snout se ketels was groot en klein, van een pint tot tien, en hulle deksels het net so mooi gepas soos 'n voël in sy nessesie.

Die laaste een wat gekom het, was Starveling, die kleremaker. Hy was twee-en-sewentig jaar oud en het net oog gehad. En daardie oog was boonop kleurblind. As Starveling vir jou 'n broek gemaak het, kon dit maklik gebeur dat die pype van verskillende kleure was want sedert sy vrou se dood baie jare tevore het hy niemand gehad om hom reg te help as hy 'n fout met die kleure maak nie en moes hy maar self sien en kom klaar. En die jig in sy regterhand het hom so gepla dat hy skaars reguit kon knip, en sy maatlyn was al so oud dat niemand meer kon lees wat daarop staan nie. Maar tog het almal van Starveling gehou; buitendien, wat maak dit saak as jou broekspype nie dieselfde kleur is nie, solank jy net 'n broek aanhet om jou warm te hou!

Nou het vyf van Peter Quince se bure in die skemerdonker van die werkswinkel kom luister na die stories wat hy van die outyd en die verre Griekeland vertel; van Hercules, die sterkste man wat ooit geleef het; van Daedalus wat sy seun, Icarus, leer vlieg het; van Jason en die Goue Vag en, beste van almal, die storie van Theseus wat die afgryse Minotaurus doodgemaak het.

Die storie van Theseus was eers vir hulle die mooiste van al die stories en hulle het Peter gevra om dit oor en oor te vertel, veral die stuk oor die Minotaurus wat die lyf van 'n sterk man en die kop en skouers van 'n bul gehad het en wat op die eiland Kreta in 'n spelonk met ontelbare doolhowe en gange gewoon het. (Dit was baie maklik om daar in te gaan maar byna onmoontlik om ooit weer uit te kom as jy eers daarbinne was.)

Griekeland is deur Kreta in 'n oorlog verslaan en as straf moes die Grieke elke jaar sewe jongmanne en sewe jongmeisies na Kreta stuur om in die spelonk gegooi te word sodat die Minotaurus hulle met sy sterk arms kon

dooddruk. So het dit baie, baie jare lank aangegaan en elke jaar het die Grieke bitterlik gehuil as hulle afskeid neem van die sewe jongmanne en die sewe jongmeisies wat nooit, nooit weer teruggekom het nie.

Maar eendag het Theseus, die jong koning van Griekeland, besluit om hierdie afgryse monster dood te maak. Dit is hoe hy dit gedoen het: hy het aangebied om met die ses ander jongmanne en die sewe jongmeisies saam te gaan en het 'n dolk onder sy mantel weggesteek. Toe die veertien jongmense in die spelonk kom, het die dapper Theseus vooruitgegaan en die minotaurus gaan soek. En toe hy die monster kry, het hy sy dolk vinnig uitgepluk en sy keel afgesny sodat die hele wêreld rooi van die bloed was en die Minotaurus op die plek dood neergeslaan het. Nou was die Grieke weer vry en hulle hoef nie meer elke jaar veertien van hul mooiste jongmense te stuur om deur die Minotaurus vermorsel te word nie. Peter het ook vertel dat Theseus na Griekeland teruggegaan en 'n leer van oorlogsugtige meisies wat hulself die Amazone genoem het, oorwin het en met hul pragtige koningin Hippolyta, getrou het.

Maar toe kom daar een storie waarvan hulle nog meer gehou het as van die avonture van Theseus, en dit was die storie van Pyramus en Thisbe. Hierdie storie het nie 'n monster of 'n opwindende geveg of 'n koning gehad wat as held teruggekom en met 'n ander koningin getrou het nie. Dit was 'n eenvoudige storie oor die liefde, 'n storie wat elke dag in enige dorpie gebeur. Al verskil is dat sulke stories gewoonlik gelukkig eindig en Peter se storie nie.

Pyramus en Thisbe het langs mekaar in die Athene van lank, lank gelede gewoon. Hulle mekaar liefgehad en wou trou. Maar hulle ouers was kwaai-vriende en het hulle verbied om mekaar te sien. Hulle kry toe 'n klein krakie in

die muur tussen hulle slaapkamers waar die houtwerk gekrimp en die pleister gebars het. En deur hierdie barsie het hulle vir mekaar gefluister terwyl hulle ouers slaap en gesê hoe lief hulle mekaar het, hoe graag hulle mekaar se hande wil vat, mekaar wil soen, en hoe graag hulle as man en vrou saam wil wees. Hulle het toe maar soentjies gestuur en hul vingers in die barsie ingedruk sodat net hul vingerpunte raak en hulle die opwinding smaak wat ons almal ervaar wanneer ons aan iemand raak vir wie ons baie liefhet. Pyramus en Thisbe het gevoel hulle behoort aan mekaar.

Maar oplaas kon hulle dit nie meer uithou nie en hulle besluit om tot een maanlignag te wag wanneer hulle ver weg sou gaan en met mekaar sou gaan trou. As hulle eers getroud is – so het hulle gedink – sal hulle ouers maar tevrede moet wees en dit aanvaar. Hulle beraam toe 'n plan wat hulle saggies vir mekaar deur die krakie in die muur fluister. Hulle sou in die nag by die huis uitsluip en mekaar ontmoet in die kerkhof by die graf van die ou man, Ninus, wat jare gelede dood is. Daarvandaan sal hulle weggaan na 'n ver, ver stad en daar trou sonder dat enige iemand daarvan weet, en vir altyd gelukkig saamwees.

Thisbe het eerste gegaan. Sy het saggies met die trap afgesluip en stilletjies die grendel van die agterdeur afgehaal. Sy het 'n mantel omgehad want die nag was koud, en om haar kop het sy 'n wit sydoekie gedra sodat Pyramus haar in die donker kon sien. Sy het van skaduwee tot skaduwee in die stil agterstraatjies beweeg en sommer gou by die kerkhof uitgekom. Maar net toe sy by die graf van die ou man Ninus kom, loop sy haar vas in 'n honger leeu wat die nag uit die bos in die dorpie kom kos soek het. Thisbe skrik toe so groot dat sy omdraai en

weghardloop en die wit sydoekie in die paadjie agter haar laat val om die leeu se aandag af te lei sodat sy veilig kon wegom. Sy kom uitasem by die hut van die grafgrawer aan en maak die deur styf agter haar toe.

Die leeu het vreeslik gebrul maar opgehou toe hy Thisbe se sydoekie in die pad sien lê. Uit pure nuuskierigheid staan hy stil. Hy ruik daaraan, krap dit liggies met sy poot rond en tel dit toe met sy bek op en skeur dit aan flarde voordat hy verder agter Thisbe aanhardloop. Die sydoekie het vuil en verskeurd in die voetpaadjie bly lê. Toe die leeu by die hut aankom, is Thisbe reeds veilig binne en het sy die deur al styf toegesluit. Die leeu moes teleurgesteld omdraai en sy aandete iewers anders gaan soek.

'n Rukkie later kom Pyramus ook by die kerkhof aan, en wat sal hy tot sy ontsteltenis sien? Daar voor hom op die grond lê Thisbe se sydoekie, vuil en verskeurd, en Thisbe self is nêrens te sien nie. Die arme Pyramus het die leeu hoor brul en hy is seker dat die leeu sy geliefde Thisbe verskeur het. En dit is alles sy skuld want hy, Pyramus, het haar omgepraat om die huis alleen in die middel van die nag te verlaat.

Pyramus tel die verskeurde sydoekie op en soen dit, en die trane rol oor sy wange as hy dink aan die wrede dood wat sy beminde gesterf het. En al manier waarop hy daarvoor kan vergoed, is om self ook te sterf. Hy trek sy swaard uit en met die "Thisbe, my liefling, ek kom na jou toe", deurboor hy sy hart en val sterwend langs die graf van die ou man, Ninus, neer.

Nadat Thisbe seker gemaak het die leeu is weg, glip sy gou by die hut se deur uit en hardloop vinnig met die paadjie af, opgewonde oor haar ontmoeting met Pyramus wat haar tegemoet sal kom en in sy arms sal neem. Maar toe sy by die graf kom, sien sy Pyramus in 'n plas bloed lê

met haar verskeurde sydoekie in sy hand vasgeklem en die swaard waarmee hy homself doodgesteek het langs hom op die grond.

Dit dring stadig tot Thisbe deur wat gebeur het. Toe Pyramus haar sydoekie langs die graf sien lê het hy natuurlik gedink dat die leeu haar verskeur en weggedra het, en in sy leed het hy sy swaard uitgetrek en sy eie lewe geneem. Nou voel Thisbe ook dat dit nie die moeite werd is om meer te lewe nie. Sy tel die swaard op en deurboor haar eie hart daarmee en stort sterwend op sy warm liggaam neer terwyl sy haar lippe op syne druk en sy naam met haar laaste asem prewel.

Van al die stories wat Peter daar in die stilte van sy werkswinkel vertel het terwyl die maan by die oop venster inskyn, was hierdie een vir hulle die heel mooiste. En die een wat hulle die beste verstaan het. Die stories van die gode en godinne en die helde was ook mooi maar Pyramus en Thisbe het hulle aan hul jong dae laat dink toe hulle self die lief en leed van die liefde ervaar het. En hulle het Peter keer op keer gevra om vir hulle die storie weer te vertel.

Soms het Starveling vir hulle die storie vertel van Robin Goodfellow, die ondeunde kabouter wat net 'n entjie daarvandaan in die woud gewoon het. Hy het snag stilletjies die dorp ingesluip en 'n pint melk of 'n halfpond sout uit die spens gegaps, en as die huismense die volgende oggend in die kombuis kom was die hele huis netjies aan die kant gemaak, uitgevee en afgestof, die potte en panne blink geskuur en op die kaggelrak het die koper kersblakers soos goud geskitter, want Robin het nooit iets geneem sonder om daarvoor te werk nie. Die mense vertel glo dat hy en al die ander Engelse kabouters familie is van die mense wat honderde jare gelede in die

woude weggekruipt het toe die Romeine en Saksers na Brittanje gekom het en dat hulle geleidelik kleiner en kleiner geword het, want daar was nie sout in die woud nie en dit is sout wat 'n mens laat groei. Dit is daarom dat hulle elke nag 'n bietjie sout in die huise naby die woud kom steel.

Hierdie kabouter se regte naam was Robin Goodfellow, maar hy is kortweg Puck genoem Puck was 'n ondeunde maar vriendelike kabouter en as hy in die nag na jou huis toe kom, is jy vir 'n hele jaar gelukkig. Party mense het 'n kommetjie melk en 'n halfpond sout voor die agterdeur neergesit in die hoop dat Puck na hulle huis toe sal kom. Puck was een voet vier en 'n driekwart duim lank en het 'n spitshoedjie gedra wat gemaak is van die blare van die berkeboom en met klein sedertakkies aanmekaar gehou is en sy klere was gemaak van lappiesgoed wat hy snags uit die mense se kaste geneem het: lappies afkomstig van ou verslete mantels, fyn dameskouse en onderrokke – als netjies aanmeakaargewerk met sterk grashalms.

Flute het weer die storie vertel van Oberon en Titania, die koning en koningin van die feetjies wat lank voor die Romeine na Engeland gekom en in die woude van Warwickshire gaan woon het, want hulle moeg geword van die warm son in Indië en hulle het gehou van die pragtige landskap in Engeland waar daar bome en heinings en mooi veldblomme groei, en hier woon hulle nou al duisende jare lank. Puck was klein maar Oberon en Titania was nog baie kleiner, net drie 'n driekwart en twee en sewe agtstes duim lank (meet dit net met jou lineaal en jy sal sien hoe klein dit is!) en hulle het vriende gemaak met klein Engelse feetjies, Peaseblossom, Cobweb, Moth en Mustardseed en die kleinste, kleinste Chickweed en het in hul eie feetjiedorp gewoon.

Hulle het 'n paleis gebou onder die knoesterige wortels van 'n groot berkeboom en daar het hulle saam met hul koning en koningin gewoon. In die winter het hulle die deure styf toegemaak en al die gate toegestop en gaan slaap om te wag vir die lente en die somer wat sou kom. Dan het hulle al die deure oopgemaak en uitgekom en op maanlignagte in towersirkels gedans terwyl hulle pragtige patrone vorm soos hulle kruis en dwars deurmekaar vleg in die maanlig, en hulle het hul handjies geklap en mooi lofliedjies vir hulle koning en koningin gesing.

So is daar aand vir aand stories vertel, maar veral die storie van Theseus wat die lewens van so baie mooi jong mans en jong meisies gered het deur die Minotaurus dood te maak, half mens en half dier daar ver in die spelonk op die eiland Kreta, voordat hy teruggegaan het huis toe en met Hippolyta, die beeldskone koningin van die Amazone gaan trou het. En om die aand af te sluit, vertel Peter altyd die eenvoudige storie van Pyramys en Thisbe, wat vir almal die mooste storie was. Dan het hulle die laaste bietjie bier gedrink, vir mekaar naggese en huis toe gegaan.

In daardie dae was daar maar min teaters. Toneelspelers het van dorp tot dorp gereis om konserte te hou waar hulle ook al 'n geskikte plek kon vind, op die dorpsmeent, die markplein of selfs in die kerkhof. Hulle het meesal stukke uit die Bybel opgevoer, soos die storie van Adam en Eva en Kain en Abel en Noag se ark en Daniël in die leeu kuil tot by die tyd van Jesus en sy dissipels en die wonderlike dinge wat Hy by die See van Galilea gedoen het deur mense gesond te maak en te leer. So kon 'n mens baie van die Bybel leer, deur na toneelstukke te gaan kyk.

So het daar eendag 'n klompie toneelspelers aangekom in die dorp waar Peter en Bottom en hul vier vriende gewoon

het. Hulle het 'n platform gemaak van planke en leë vate en daarop konsert gehou en al die mense van die dorp het na die opvoering kom kyk. Die toneelspelers het hul goed van hul taak gekwyd, maar Nick Bottom het gedink dat hy en Peter en hul vier vriende beter kan doen as hulle hul eie toneelstuk kan maak, veral van een van Peter se stories. Hulle ken tog die Bybelstorie. Al die mense van Engeland ken dit. Maar min mense ken die stories van die Grieke, die wonderlike stories van mense wat gelewe het lank voordat Jesus gebore is. Dit moet 'n eenvoudige storie wees want hulle is almal nog beginners en kan beswaarlik lang stukke uit die kop uit leer. Daar moet ook nie baie karakters in die toneelstuk wees nie want daar is net ses van hulle en niemand sal meer as een rol wil speel nie. Maar hulle het reeds die storie gekry, die storie waarvan almal so baie hou, die storie van Pyramus en Thisbe. Die storie is maklik genoeg. Al probleem was om van die storie 'n toneelstuk te maak. En dit is moeilik. Peter sal dit moet doen. Hy lees en skryf die beste en hy sal net so 'n goeie toneelstuk kan maak soos enigeen wat hulle al gesien het.

Peter het dadelik aan die werk gespring en twee-en-dertig nagte later die toneelstuk klaar geskryf. Nou moes nog net die rolle uitgedeel word.

Eers wou Bottom kies wie in die verskillende rolle moet speel maar daarvan wou Peter nie hoor nie. Hy het die toneelstuk geskryf en hy sal sê hoe dit opgevoer moet word. Bottom het 'n bietjie teësinnig ingestem. Hy sou natuurlik Pyramus wees want Pyramus is die held en sy rol is die vernaamste. Dit is ook 'n treurige rol sodat Bottom kan maak of hy huil en dan sal die gehoor ook huil want mense hou altyd van 'n lekker ou getjank.

Flute word volgende gekies. Peter het sy naam neergeskryf vir Thisbe want hy is jonk en skraal met blonde krulhare. Flute wou eers nie want hy het kort gelede 'n baard begin kweek maar Peter sê sy baard wys nog nie eens nie, niemand sal dit raaksien nie. "En daarby het jy'n mooi dun stem," praat Peter hom om, "en dit is net wat ons vir Thisbe wil hê."

"Ek kan ook soos 'n meisie praat," sê Bottom. "Waarom kan ek nie Pyramus en Thisbe wees nie?" en hy praat met so 'n hoë piepstemmetjie. Maar Peter sê nee, Flute sal die beste Thisbe wees met Starveling as sy moeder, Snout as Pyramus se vader en Peter self as Thisbe se vader.

Die laaste rol is dié van die leeu, en dit kry Snug. Maar Bottom is weer moeilik. Hy sê hy moet eintlik die leeu wees want hy het die hardste stem. Hy kan so hard brul dat hoor en sien vergaan. Hy gee toe daar en dan 'n demonstrasie en brul so hard dat dit voel asof die dak wil inval. As dit te hard is, sê Bottom, kan hy saggies ook brul en toe brul hy weer so sag soos die gespin van 'n kat of die gekoer van 'n duif. Maar Peter sit weer sy voet neer. Bottom moet Pyramus speel en Pyramus alleen. Almal, selfs Bottom, stem uiteindelik in met die rolle wat Peter uitgedeel het en gaan huistoe om hulle stukke te leer vir die eerste repetisie.

Die volgende dag sê Bottom hy moet 'n belangrike saak met Peter bespreek. Hoe gaan hulle die mense van die omgewing laat weet wat die naam van die toneelstuk is, en waar en wanneer dit opgevoer word, of wat die name van die spelers is? En hoeveel gaan hulle die mense vra om na die opvoering te kom kyk? Peter krap sy kop en dink diep. Toe sê hy: "Ek weet, ons sal alles op papier neerskryf wat ons "plakkate" sal noem. Jy kan dan die plakkate aan die bome en die lamppale en op die

markplein in die dorp gaan vasspyker." Hy gaan haal toe 'n pen en ink en papier en skryf: *Die treurigste komedie en die wrede dood van Pyramus en Thisbe. Geneem uit die Grieks. Geskryf deur die heer Peter Quince, met die volgende spelers daarin.* "Dit beteken my naam kom eerste," sê Bottom. "Pyramus kom eerste in die titel en B kom byna heel voor in die alfabet."

Peter sê ja, hy sal dit so neerskryf: eerste Bottom, dan Flute en daarna die ander se name. En weer op die plakkaat: "Kaartjies twee sent, verkrygbaar by die deur. Opbrengs gaan vir die armes en behoeftiges van hierdie gemeente. Konsert begin stiptelik om sewe-uur."

Hulle spring dadelik aan die werk en hou tot laat in die nag repetisies. Maar Bottom gee kort-kort moeilikheid. Hy wil gedurig aan die toneelstuk verander, veral as dit sy rol nog belangriker maak. Maar Peter hou voet by stuk en geleidelik kom die toneelstuk net soos hy dit geskryf het. Die moeilikste was om die kraak in die muur te wys. Hoe op aarde wys 'n mens so iets op die verhoog? Boonop het Pyramus en Thisbe in die maanlig weggeloop en dit moet ook gewys word. Hulle besluit toe uiteindelik dat Snug twee vingers 'n entjie uitmekaar teen die muur moet hou om die kraak te wys en dat Pyramus en Thisbe weerskante van Snug se vingers moet staan en hardop fluister. En dat Starveling die hele tyd die lantern in die lug moet hou om te wys alles gebeur in die maanlig.

'n Maand lank hou hulle elke aand repetisies. Presies om ses-uur pak Peter sy gereedskap weg, Bottom vee die werkswinkel uit en as die ander inkom, sit hulle die tafels en stoele reg, steek die lantern op en Peter se vrou bring 'n groot fles bier en ses bekere en brood en kaas en dan oefen hulle tot laat in die nag en hulle luister mooi wat Peter vir

hulle sê om te doen en almal speel hulle rolle so goed as wat hulle kan.

Hoe nader die dag van die opvoering kom, hoe meer senuagtig word die spelers, veral Bottom. Hy was 'n groot, sterk man en mens sou dink 'n man wat kalm behoort te bly. Maar moenie glo nie. Hy was meer senuweeagtig as al die ander saam en die aand voor die konsert slaan groot sweetdruppels op sy voorkop uit en sy vrou het geen raad met hom nie. Daardie aand in die bed moes sy nie minder nie as vyf keer na sy stuk luister om seker te maak dat hy elke woord reg het. Eers lank na middernag blaas Bottom die kers dood en raak onrustig aan die slaap.

Die hele nag draai hy om en om op die bed terwyl hy die wonderlikste drome droom. Koning Theseus het hulle uitgenooi om die opvoering in Athene te kom hou wanneer hy met koningin Hippolyta trou. En meteens was hulle almal daar in die verre Griekeland, aangetrek in eienaardige klere, terwyl hulle voorgestel word aan die belangrikste mense in die hele Griekeland. Koning Theseus het gesê hy wil hê niemand moet van die konsert weet nie en hulle moet die laaste repetisie in 'n oop ruimte in die woud buite die stad gaan hou. Bottom draai onrustig om in sy slaap en trek die komberse na sy kant toe oor. Sy vrou trek hulle weer terug na haar kant toe en raas met hom en sê hy moet hom gedra.

Toe droom hy dat Peter klein feetjies tussen die blare kry toe hy die plek skoonmaak waar hulle die repetisie gaan hou. Toe hy hulle optel, sê hulle hulle name is Oberon en Titania en hulle is die koning en die koningin van al die feetjies wat in Engeland woon en hulle sê Peter hoef nie verder die blare weg te vee nie want hulle het vyf goeie werktjies en hulle name is Peaseblossom, Cobweb,

Moth en Mustardseed en die kleine, kleine Chickweed en hulle sal al die nodige werk kom doen.

Maar daardie selfde oggend het Titania met Oberon geraas en sy was baie onvriendelik met hom en Oberon het hom voorgeneem om haar terug te betaal, maar nou maak hy asof daar niks skort nie en hy sê vir Peter hoe graag hy en Titania vanaand die repetisie wil sien en dat hulle hoop dat Peter en Bottom en die ander spelers agterna met hulle sal kom dans.

En toe (julle weet mos watter snaakse dinge in drome gebeur!) word Oberon en Titania al hoe groter en Bottom word kleiner totdat hulle min of meer ewe groot is. En die woud lyk komplete soos die woude buite Warwickshire en daar is bome, eikebome en berkebome en hulsbome en notebome, en 'n kleureprag van blomme, kamferfoelie en koekoeksblomme en botterblomme, almal in volle blom.

En Titania maak 'n vingerhoedjie vol bier en gee vir die spelers grasklokkies om uit te drink en hulle drink 'n heildronk op Peaseblossom, Cobweb, Mothe en Mustardsee en die kleine, kleine Chickweed en sê dankie vir die werk wat hulle gedoen het.

Toe begin die repetisie; maar skaars het hulle begin, of alles rondom hulle verdwyn en meteens is hulle in die paleis van koning Theseus en 'n ou man met die naam Egeus kla dat sy dogter Hermia weier om te trou met Demetrius, die jong man wat hy vir haar gekies het. Sy wil liever trou met die jonge Lysander, en Egeus vra mooi vir koning Theseus om vir Hermia te sê om te maak soos haar vader wil hê. Maar hoe kon sy, vra Hermia. Haar vriendin Helena is verlief op Demetrius en hy het ook gesê hy het haar lief en Demetrius moet liever met Helena trou. Maar koning Theseus sê Hermia moet vir

haar vader luister en met Demetrius trou anders sal sy swaar gestraf word.

Hermia en Lysander besluit toe om weg te loop en in 'n ander land te gaan trou. Daarna sal hulle terugkeer en aan Theseus bely wat hulle gedoen het. Daardie nag sluip hulle uit hul huise, net soos Pyramus en Thisbe in die storie, maar hulle verdwaal in die donker en kom in die middel van die woud uit waar Bottom en Peter en Snout en Flute en Snug en Starveling besig is met die repetisie van hulle opvoering.

Kort daarna kom Demetrius ook daar aan om vir Hermia by Lysander te kom haal voordat hy met haar kan trou, en toe kom soek Helena vir Demetrius, want sy het hom nog lief. Toe Oberon sien hoe onvriendelik Demetrius met Helena is, kry hy haar jammer en hy roep vir Puck, dieselfde ondeunde Puck van wie Starveling in Peter se werkwinkel vertel het. Om een of ander rede is Puck nou Oberon se regterhand en hoofbode, seker omdat hy so vinnig na ver plekke kan gaan, soos Afrika en Sjina en Indië, en binne 'n oogwenk terug kan wees. Peaseblossem, Cobweb, Mothe en Mustardsee en die kleine, kleine Chickweed was almal baie vriendelik en pragtig en hulle kon so fyntjies dans. Hulle het die mooiste maniere gehad en was die beste hofdametjies wat Titania nog gehad het; maar ag, die verstandjies was so klein dat hulle vir niks anders gedeug het nie. Hulle vlerkies was ook so klein dat hulle nie baie ver of vinnig kon vlieg nie, daarom roep Oberon maar vir Puck as daar 'n spesiale werkie is.

Oberon sê Puck moet gou na die ander kant van die wêreld gaan om die wonderkruie Liefde-in-Vergetelheid te gaan haal. Liefde-in-Vergetelheid het 'n blou blom en 'n geel bolletjie met towersap. As 'n mens net een druppeltjie

van hierdie towersap in iemand se oë drup terwyl hy slaap, raak hy smoorverlief op die eerste persoon wat hy sien as hy weer wakker word. En dit werk nie net met mense nie. Mens kan net so maklik op 'n dier ook verlief raak, op 'n kameelperd of 'n beer of 'n malmokkie. Oberon wou 'n bietjie van hierdie towersap in Titania se oë drup en dit so bewerk dat sy smoorverlief raak op iets wat regtig lelik is. So wil hy haar terugbetaal vir haar onvriendelikheid.

Hy sal ook vir Puck vra om van die towersap in Demetrius se oë te drup wanneer hy moeg en half aan die slaap is. Dan sal hy sorg dat Demetrius eerste vir Helena sien wanneer hy wakker word sodat hy haar opnuut kan liefkry, en omdat Lysander en Hermia mekaar al klaar liefhet, sal alles gelukkig eindig.

Toe Bottom hoor dat alles 'n gelukkige einde gaan hê, rol hy om in sy bed en gee sy vrou 'n klapsoen en is dadelik weer in droomland.

Dit is 'n maanlignag en hulle is weer eens besig met die repetisie in die woud buite Athene. Puck het so pas van die ander kant van die wêreld af teruggekom met die Liefde-in-Vergetelheid en die blare van nog twee ander wonderkruie, Soete Normaliteit en een, waarvan net hy alleen geweet het, Boegoebessiebôgom. Puck weet dat Oberon Titania veels te lief het om haar lank te straf, en al raak sy op die lelikste skepsel op aarde verlief, hoef hy net twee blaartjies Soete Normaliteit op haar ooglede te sit om haar weer reg te kry.

Puck wil die Boegoebessiebôgom vir iets anders gebruik. Hy het gesien hoe Bottom toneelspeel en veins dat hy die vurigste minnaar onder die son is en dat hy liefdeswoordjies vir Thisbe fluister en homself met die houtswaard doodsteek nadat hy sulke verspote dinge gesê

het dat 'n mens jou 'n papie wil lag. Puck dink dat as 'n toneelspeler so sleg veins soos Bottom kan veins, iemand hom werklik iets moet gee om oor te veins, en dit is waarvoor hy die Boegoebessiebôgom gaan gebruik.

Maar eers moet Oberon die towersap van die Liefde-in-Vergetelheid in Titania se oë drup. Hy sluip stilletjies in haar somershuisie in en drup die towersap in haar oë net toe sy aan die slaap raak, en hy lag stilletjies by homself as hy weer saggies uitgaan en skuif die kamferfoelietakkie versigtig op sy plek terug want dit is die deurtjie van haar somershuisie.

Maar nou moet Puck vir Demetrius in die hande kry en van die Liefde-in-Vergetelheid in sy oë drup sodat hy weer op Helena verlief kan raak wanneer hy wakker word. En dit is waar hy die eerste fout ooit in sy lewe begaan! Sy gedagtes is so besig met die poets wat hy vir Bottom met die Boegoebessiebôgom wil bak dat hy die Liefde-in-Vergetelheid in Lysander se oë drup pleks van in Demetrius se oë. As Lysander nou wakker word en eerste vir Helena sien, sal hy op haar verlief raak, en nie op die lieue Hermia nie. En dit gaan iets vreeslik afgee!

Oberon sien dadelik Puck se fout en beveel hom om dit reg te maak. Puck soek toe vir Demetrius en drup 'n bietjie Liefde-in-Vergetelheid in sy oë, soos hy heel eerste moes gedoen het. Maar toe begaan hy nog 'n fout, die soort fout wat altyd in drome gebeur. Hy vergeet om van die Soete Normaliteit op Lysander se oë te sit, en julle kan raai wat nou gaan gebeur!

Lysander en Demetrius skrik toe gelyk wakker toe Helena, nog steeds op soek na haar geliefde Demetrius, inkom en albei raak dadelik smoorverlief op haar. Dit is nou Demetrius wat die helfte van die nag reeds so vinnig as wat hy kan van haar af probeer weghardloop, en

Lysander wat veronderstel was om tot oor sy ore op Hermia verlief te wees en nogal saam met haar weggeloopt het om in die geheim te gaan trou.

Ek is nie seker of Puck regtig 'n fout begaan het en of hy nie dalk moedswillig was nie. Maar dink net hoe moet Hermia voel toe sy wakker word en sy sien dat Demetrius van vooraf smoorverlief is op Helena, en boonop loop Lysander ook nou agter haar aan! Dit is 'n regte deurmeekaarspul; jy kan jou net voorstel! Puck wil hom siek lag toe hy sien dat Lysander en Demetrius albei tot oor hul ore toe verlief is op Helena. En sy kan dit net nie verstaan dat die twee jong mans haar tegelyk kom vra om met hulle te trou nie.

Maar toe doen Puck iets anders, en dit was beslis nie 'n ongeluk nie; hy het dit heeltemal opsetlik gedoen. Hy haal 'n Boegoebessiebôgomblaartjie uit sy sak uit, breek 'n stukkie af en gooi dit in die bier in die vingerhoedjie wat Titania vir die toneelspelers geskink het om hulself mee te verfris wanneer hulle moeg gevoel het.

As 'n mens toneelspeel en nogal so 'n moeilike rol soos Pyramus s'n moet vertolk, raak jy baie dops soos Bottom is toe hy met die eerste toneel waarin hy en Flute vir mekaar deur die barsie in die muur fluister, klaar is. Hy stap toe agter 'n bos in om ietsie te drink, en daar, voor hom, staan die vingerhoedjie vol heerlike bier met 'n groot skuimkop daarop wat hom nog meer laat watertand. Hy tel die vingerhoedjie op en slaan die bier in een teug weg. Jou pa kan jou vertel wat 'n teug is. Dit is iets tussen sluk en suip en dit is heerlik as dit in jou keel afgly.

Maar wat ek nog nie vir julle vertel het nie is dat wanneer jy 'n vingerhoedjie bier met 'n Boegoebessiebôgomblaartjie daarin drink, jou kop in 'n donkie s'n verander. En dit is presies wat nou met Bottom

gebeur. Eers begin sy ore langer word, toe sy neus en toe begin hy snaakse geluide maak soos hy die skuim van die bier afblaas. En daar sit Bottom, 'n goeie, dierbare wewer uit Warwickshire met die teks van sy rol as Pyramus wat by sy sak uithang en die kop van 'n donkie op sy skouers. Al wat hy kan uitkry, is hie-ha, hie-ha, hie-ha, egte donkietaal, en nie 'n enkele woord in sy eie taal nie. Puck, wat die hele petalje dogehou het, kruip agter die meidoringbos weg en hou sy maag vas soos hy lag!

Maar Puck se ondeundheid ken geen einde nie. Hy weet waarom Oberon die Liefde-in-Vergetelheid in Titania se oë gedrup het, en nou gaan hy haar gebruik om vir Bottom die grootste poets van sy lewe te bak. Hy sluip saggies in Titania se somershuisie in en knyp haar hand. En natuurlik word sy toe wakker. Sy sit regop en vryf haar oë. En dadelik sien sy vir Bottom met sy donkiekop op sy skouers waar hy eenkant op 'n boomstomp sit en die repetisie dophou. En net soos Oberon beplan het, raak sy smoorverlief op hom. Dink net, Titania, die pragtigste feëkoningin in die hele wêreld, is verlief op 'n donkie! Dit is presies wat gebeur het; glo dit maar, of jy nou wil of nie. Om die waarheid te sê, sy was so verlief dat sy vir Bottom in haar somershuisie innooi en sy soen sy sagte, nat neus en streel sy ore; sy liefkoos hom en vleg mosrose in sy hare en sy stuur haar hofdametjies om vir hom die lekkerste gars en hawer te gaan haal. Sy het so 'n ophef van hom gemaak dat hy skaars geweet het of hy op sy kop of op sy voete staan.

Oberon was so verdiep in die repetisie – Snug het so pas Thisbe se sydoekie beetgekry en dit met 'n onderaardse gebrul fyn en flenters geskeur – dat hy nie gesien het wat Puck doen nie. Maar toe hy agterkom wat aan die gang is, gee hy vir Puck 'n behoorlike skrobbering en beveel hom

om alles weer te maak. Puck neem toe 'n takkie Soete Normaliteit uit sy sak en hardloop rond om almal te oorreed om stil te sit sodat hy die blaartjies van die Soete Normaliteit op hulle ooglede kan plaas.

Meteens is Bottom weer die eenvoudige wewer van Warwickshire met sy regte kop en plat neus, en Titania vergeet dat sy op die lelike donkie verlief was en vra Oberon mooi om verskoning dat sy so onvriendelik met hom was, en Lysander kom na Hermia toe terug en omhels haar en gee haar 'n klapsoen, en dit alles omdat Puck die Soete Normaliteit gebruik het.

Demetrius was al een vir wie Puck nie Soete Normaliteit gegee het nie want hy wil mos hê Demetrius moet bly net soos hy is. Dit was tog die plan. Hy moet nog vir Helena liefhê, en Helena het glad nie Soete Normaliteit nodig nie, want sy is nog altyd lief vir Demetrius.

Lysander en Hermia en Demetrius en Helena gaan toe na die paleis van koning Theseus om hom te sê dat al die probleme nou uitgesorteer is, en om hom te vra of hulle maar mag trou. En koning Theseus sê: "Ja, ons gaan almal trou, al ses van ons. Ek trou met Hippolyta en jy, Lysander, trou met Hermia en jy, Demetrius, trou met Helena, almal op dieselfde dag. Dan gaan ons 'n feesmaal hou en daarna het ek vir julle 'n groot verrassing. Ons gaan 'n opvoering van 'n ou Griekse legende sien. Die repetisie word nou in die woud gehou deur 'n geselskap toneelspelers uit Warwickshire. Hier is die aankondiging." En die koning lees dit vir hulle voor. ***"Die treurige komedie en die wrede dood van Pyramys en Thisbe. Geskryf deur die heer Peter Auinca, met die volgende speler"***, en hy lees al laggend verder: ***"Opbrengs gaan aan die armes en behoeftiges van hierdie gemeente."*** Dit

betekende die hele Athene! "**Konsert begin stiptelik om sewe-uur**".

"Gou," sê die koning vir Lysander, "laat nog plakkate maak sodat jy dit in die stad kan gaan opspiker." En daar in Bottom se droom spyker Lysander die plakkate aan die deure van die paleis: tok, tok tok!

Dit was natuurlik nie Lysander nie maar Peter wat vir Nick Bottom kom opklop om vir die opvoering gereed te maak. En Nick sit regop in sy bed en krap sy kop en stadig dring dit tot hom deur dat die werklike opvoering, die konsert waarvoor hulle so lank geoefen het, die konsert waarmee hy vir hom groot naam gaan maak, nog nie plaasgevind het nie. Sy besoek aan Athene en aan die paleis van koning Theseus en die snaakse ding wat met sy kop gebeur het toe hy die vingerhoedjie bier gedring het daar langs die meidoringbos en die heerlike liefde van Titania, was alles net 'n droom.

Die konsert was 'n groot sukses. Bottom het elke woord van sy rol onthou en met sy laaste toespraak voordat hy sterf so aangedaan geword dat regte tranes oor sy wange gerol het. En Flute se stem was nog nooit so fyn en soet nie. En Snug het hard en sag gebrul en Thisbe se sydoekie fyn en flenters geskeur dat selfs Bottom erken het dat hy die beste leeu is wat hulle ooit kon kies. Net jammer dat Starveling se lantern kort-kort doodgegaan het. Dan moes hulle 'n bietjie wag sodat dit weer aangesteek kan word dat die mense kan sien wat in die konsert gebeur.

Die dorpsmense het die spelers lank toegejuig, veral vir Peter wat die toneelstuk geskryf en die spelers afgerig het. En almal was dit eens dat hy weer 'n toneelstuk moet skryf en dat Bottom en die ander elke jaar konsert moet hou.

Maar tot vandag toe weet niemand waarom Bottom met gousblommetjies in sy hand en met mosrose in sy hare

wakker geword het nie. Of waarom mevrou Bottom 'n dons-vlokkie in die kromberse gekry het nie. En hulle sal seker ook nooit weet nie. Maar ons weet, nie waar nie? Nick Bottom was natuurlik regtig in feëland en hy is gelukkig om so maklik terug te kom, en dit met sy eie kop weer op sy skouers.

